

Wees bly in lyding, vertrou en doen goed, sodat jy kan jubel by die wederkoms (I Pet 4:12-19)

Gebed

O God, ons wil U verheerlik op grond van die Naam van Jesus Christus. Ter wille van Sy Naam, is ons tans in swaar tye, so, as ons vandag U Woord open, laat U Gees op ons kom rus, sodat ons weer blydschap kan ervaar.

Die tyd van oordeel is naby, so help ons om te vertrou in hierdie stormagtige omstandighede. Laat ons groei in 'n lewe volgens U wil, want ons sien uit om uitbundig te jubel as ons U Seun op die wolke sien kom om ons te kom haal.

Amen.

Skrifoordenking

1. Wees bly in lyding sodat jy kan jubel by die bekendmaking van sy heerlikheid

12 *Geliefdes*, moenie verbaas wees

wanneer 'n *vurige beproewing* oor julle kom, asof iets vreemds met julle gebeur nie;

13 *wees eerder bly*

namate julle deel het aan *die lyding van Christus,*

sodat julle ook

by die *bekendmaking van sy heerlikheid*

uitbundig sal kan jubel.

14 As julle *ter wille van Christus se Naam beledig word —*

gelukkig is julle,

omdat die Gees van heerlikheid, dit is die Gees van God, op julle rus. (I Pet 4:12-14)

Petrus begin hier die laaste afdeling van sy brief. Hy het in hoofstuk 1 begin deur sy lesers God se grootheid te wys. Daarna, tot by hoofstuk 2 vers 10, het hy gewys hoe daardie kennis oorvloei tot hoop en daarna tot 'n heilige lewe en in 2:11-3:12 het hy vir ons voorbeelde gegee van hoe om so heilig te lewe. Die tweede helfte van die brief het grootliks gefokus op die hantering van swaakry. Van 3:13 tot 4:11 was die fokus op die reaksie van die gelowige op swaakry, nou, in die laaste deel, gaan hy wys hoe die gelowige kan volhard in swaakry.

Hy begin hierdie afdeling met die verbasende stelling:

12 *Geliefdes*, moenie verbaas wees

wanneer 'n *vurige beproewing* oor julle kom, asof iets vreemds met julle gebeur nie;

13 *wees eerder bly*

In hierdie verse 12 tot 14 kry ons drie keer die blydschap gedagte. Dit begin by “wees bly”, groei na “gelukkig is julle” en mond uit op 'n uitbundige jubeling. As ons die simmetrie in hierdie drie verse volg, sal ons ook by Petrus se jubeling uitkom:

wees eerder bly groei na *gelukkig is julle,*

So, dit het begin met vurige beproewings waarin Petrus ons oproep om eerder bly te wees want daardie beproewings gee ons die geleentheid om deel te hê aan *die lyding van Christus*

Dit koppel weer aan Christus in vers 14 wat dan vir ons wys hoekom ons gelukkig kan wees. As ons so leef dat ons Christus se Naam verheerlik en al word ons beledig en kom in vurige beproewings verdedig en verkondig ons Sy Naam, dan is ons gelukkig.

En die rede?

sodat julle ook ... uitbundig sal kan jubel.

Wanneer?

by die bekendmaking van sy heerlijkheid

Voorwaar van waar Petrus ons moes aanmoedig om bly te wees en vas te staan ter wille van Christus se naam, sodat ons in hierdie lewe gelukkig kan wees, tot waar ons Jesus Christus sien aankom op die wolke sal dit uitmond op 'n uitbundige gejubel.

Maar soms, as dit regtig baie swaar gaan sukkel ons om daardie perspektief te hou. Dis hoekom Petrus hierdie verse so afsluit:

gelukkig is julle,

omdat die Gees van heerlijkheid, dit is die Gees van God, op julle rus

Toe die Heilige Gees uitgestort is het dit gelyk soos tonge van vuur. Dis daardie tonge van vuur bo jou wat keer dat vurige beproewings niks aan jou kan doen nie.

Dink net, daardie Gees wat op jou rus, is dieselfde Gees wat op Jesus Christus gerus het toe die duif op Hom neergedaal het by Sy doop. Kyk hoe beskryf Jesaja dit toe hy dit van Jesus beskryf het:

2Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here. (Jes 11:2)

Jy sien een van die kern take van die Heilige Gees is om ons wysheid, kennis, insig en raad te gee. Hy herinner ons aan God se krag en groot ontferming, wat vir ons werklikheid geword het deur Jesus Christus se verlossingswerk. Dis soos Petrus dit al in I Pet 1:6 vir ons verduidelik het toe hy gesê het *Jubel hieroor* en die "hieroor" was 'n terugkyk op God se grootheid.

6 Jubel hieroor, al moes julle tot nou toe vir 'n kort tydjie deur allerhande beproewings bedroef word. (I Pet 1:6)

Daar het hy vir ons gewys die swaakry maak ons geloof eg. En daardie geloof lei tot verlossing. As die Gees ons dan weer daaraan herinner sal ons uitbundig jubel as hy weer kom, maar kan ons nou al uitbundig jubel:

[julle] glo ... in Hom en jubel julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap, 9 omdat julle reeds deel het aan die doel van julle geloof (I Pet 1:8-9)

Wat Petrus ons hier leer, was vir hom nie net 'n teorie nie. Kyk net hoe het hy dit prakties uitgeleef. 'n Paar verse voor vers 41 wys dit dat Petrus een van die apostels was waaroor hier vertel word. Kyk net wat het hier gebeur:

40 Hulle het die apostels ingeroep, hulle *laat slaan en hulle belet om weer in die Naam van Jesus te praat*. Daarna het hulle hulle losgelaat. 41 Die apostels het van die Raad af weggegaan, *bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly*. 42 En hulle het *nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie*. (Hand 5:41)

Jy sien, jy kan nie uitdeel wat jy nog nie self het nie en jy kan nie iemand iets leer wat jy nie bereid is om self te doen nie.

2. 'n Christen in lyding verheerlik God

15 Niemand van julle moet immers as
moordenaar of dief of kwaaddoener of bemoeisieke ly nie;

16 as iemand *egter ly*
omdat hy 'n Christen is, moet hy
hom nie skaam nie, maar
God verheerlik op grond van hierdie Naam.

As die Heilige Gees so op jou rus dan geld die woorde vir jou:

15 Niemand van julle moet immers as
moordenaar of dief of kwaaddoener of bemoeisieke ly nie;

Nee, dan geld vir jou:

As Christen
in lyding
sal jy God verheerlik

Vers 17 begin met 17 *Dit is immers tyd dat die oordeel begin...*

Ons sal netnou na verse 17 en 18 kyk, ons gaan net eers by vers 19 aan dat ons die lyn van Petrus se argument kan volg. Vers 19 is eintlik 'n opsomming van die hele brief. Daar staan:

19 *Dus moet ook hulle*
wat in ooreenstemming met die wil van God ly,
hulle lewe aan die getroue Skepper toevertrou
deur te doen wat goed is.

So, die uitverkore Christene, wat lyding verduur, kan jubel want die Gees rus op hulle en

hulle kan *hulle lewe aan die getroue Skepper toevertrou*

Hulle kan daarom, in daardie moeilike omstandighede, *doen wat goed is, ja,*
in ooreenstemming met die wil van God.

Dis 'n heilige, jubelende God vererende lewe!

3. Dit is tyd dat die oordeel begin, so vertrou en doen goed

17 *Dit is immers tyd dat die oordeel begin...*

en wel by die huishouding van God.

As dit by ons begin,
wat sal dan die uiteinde wees van hulle wat
aan die evangelie van God

on gehoorsaam is?

18 Want: "As die *regverdige* beswaarlik *verlos* word, wat sal van die *goddelose en sondaar* word?"

Vers 19 het begin met "Dus"

Soos ons gesien het, is die dus feitlik die opsomming van die brief. Die dus wys ook terug op verse 17 en 18 direk daarvoor as ons lees:

17 Dit is immers tyd dat *die oordeel begin...* 19 Dus moet ook *hulle* Hierdie oordeel begin by die *huishouding van God* en die *regverdige* [word] beswaarlik *verlos*

Petrus vra dan wat sal die uiteinde wees van die ongehoorsames?

Die wat hulle nie steur aan die *evangelie van God*

Die antwoord op die retoriese vraag:

wat sal van die *goddelose en sondaar* word?"

is eintlik heel duidelik – hulle sal geoordeel word...

II Tesalonisense 1:6-10 verduidelik dit baie mooi:

6God is tog *regverdig*: die mense onder wie *julle nou so ly*, sal Hy as straf ook laat ly; 7en aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus met sy magtige engele 8in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat *nie vir God ken nie* en dié wat *die evangelie van ons Here Jesus* nie gehoorsaam nie. 9Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die *teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag*. 10Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom om *verheerlik te word* deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo. (2 Tes 1:6-10)

Samevatting

Vandag het Petrus begin en ons gewys hoekom die Christen so vol blydschap kan wees. Hy het gesê:

Wees bly in lyding

sodat jy kan jubel

by die bekendmaking van sy heerlikheid

En ons kan dit net regkry deur die Gees wat op ons rus.

Die Gees wat op ons rus is dieselfde Gees wat op Jesus Christus gerus het

Daarom kan

'n Christen

in lyding

God verheerlik

Petrus is self 'n voorbeeld van iemand wat bly is in lyding ter wille van Sy Naam

Dan het hy ons gewaarsku:

Dis tyd dat *die oordeel begin...*

Dus moet jy jou hele lewe

aan die getroue Skepper
toevertrou

In hoofstuk 1 het Petrus as **lyding** beskryf as die toets en egmaking **van die geloof**
En daarom leef die Christen anders:

en doen wat goed is.
in ooreenstemming met God se wil

Daarom ons tema vir vandag:

Wees bly in lyding,
vertrou
en doen goed,
sodat **jy kan jubel**
by die wederkoms

4. Oordenking

In vandag se oordenking moet jy weer neerskryf wat jy van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees geleer het. Dit wat jy hier raaksien is die bron van die blydskap en jubeling wat jy so soek in jou lewe.

5. Dankbaarheid

Kyk net hoe Paulus se kennis van sy identiteit in Christus hom dryf tot optrede

*10Al wat ek wens, **is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood. 12Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.** (Fil 3:12)*

Hoe gaan jou inspan dat jou blydskap in lyding, as gevolg van die feit dat Jesus Christus jou reeds Syne gemaak het, en deur die Gees wat op jou rus, lei na iets prakties, vandag, ja, iets wat iemand anders wat ook ly, kan help om ook in daardie blydskap te deel?

6. Aanbidding

Sluit jou gebed af met hoe die Gees jou lei, maar as jy hulp nodig het, maak Psalm 31 oop en bid die woorde wat daar staan.

Vrede vir jou